GODSDIENSAKTUEEL

29 Desember 2003

Kerke is volstruis, staan sprakeloos

Julian Müller

Milan Kundera verwys iewers in sy boek, The Book about Laughter and Forgetting, na die volstruis. Met 'n paar pittige en verbeeldingryke sinne skilder hy dié koddige dier. Hy sê 'n volstruis lyk soos 'n dier wat iewers vandaan kom waar hy 'n baie belangrike boodskap gekry het. Hy't gehardloop om dit af te lewer, maar staan nou soos met deurgesnyde stembande, nie in staat om die boodskap oor te dra nie. Sy bek beweeg oop en toe, sonder dat 'n geluid daaruit kom.

Dié treffende beeld is vir my ook tekenend van die hedendaagse Christendom en veral van die Afrikaanse kerke in Suid-Afrika.

Ons kom 'n ver pad. Die geskiedenis van die Christendom in Suid-Afrika is in vele opsigte merkwaardig. Daar is baie dinge vermag in 'n relatief kort tydjie. Dit is ook 'n intense geskiedenis van konflik en versoening, wat nie maklik op enige ander plek in die wêreld ge-ewenaar word nie. Dit is 'n heen-en-weer-geskiedenis. 'n Pendulum wat swaai tussen wegstoot en versoening wat uniek is in die wêreld. Die apartheidsteologie is binne een geslag eers deur hoogaangeskrewe teoloë opgehemel as moreel regverdigbaar en toe weer deur binne dieselfde kringe tot kettery en sonde bestempel is. Dink maar aan verdoemende, maar tegelyk hoopgewende stories van lyding, vergiffenis en versoening wat voor die Waarheids en Versoeningskommissie afgespeel het.

Ons is kerke met 'n geskiedenis wat deur baie in die wêreld beny en bewonder word. 'n Mens is soms verleë as buitelanders net nie kan ophou praat oor die wonder daarvan dat ons dit reggekry het om op die drumpel van oorlog, vrede te bewerkstellig..

As daar ooit 'n kerk en Christene was wat 'n boodskap het om uit te dra en wat gemotiveerd behoort te wees vir die toekoms, dan is dit ons. Ons kom ver en ons is draers van 'n ongekende boodskap van hoop.

En tog staan ons nou soos die volstruis en gaap in die wind. Ons is soos mense met deurgesnyde stembande en ons maak 'n klompie

niksseggende bewegings, asof ons iets belangriks wil sê.

'n Kerk met so 'n geskiedenis behoort mos te weet waarop dit aankom. Christene in Suid-Afrika wat die vorige aantal dekades beleef het, moet mos nou sterker en met meer oortuiging as enige ander Christen in die wêreld weet dat daar sekere dinge is wat eenvoudig ononderhandelbaar is. Ons het immers op die harde manier geleer dat dit nie help om die mooiste kerkorde en geloofsbelydenis te hê, as jy voortgaan met praktyke waarvolgens mense misken en verontreg word nie. Ons het mos ons koppe gestamp, ons het mos bloedneus uit die geveg uit gekom.

Hoe is dit dan dat die kerk se getuienis oor hierdie wesentlike dinge so flou is? Moet die kerke se solidariteit met mense en groepe wat verontreg en verstoot word dan nie klokhelder gehoor word nie?

By die oorgang na nog 'n nuwe jaar, dink en aan die volgende terreine waarop die kerk tot nog toe te skoorvoetend gepraat het. Mens hoop dat ons in die toekoms met groter oortuiging sal getuig.

- Vigs. Dit is asof die kerk se hoofboodskap oor hierdie saak nog steeds vassteek by 'n oorvereenvoudigde morele lessie. So asof 'n gepreek oor geheelonthouding die probleem sal oplos. Intussen is dit die aktivistiese groepe wat in solidariteit staan by miljoene mense wat ly. Die kerk is iewers op die agtergrond.
- Vroue. 'n Mens soek tevergeefs iets in kerkvergaderings se besluite oor manlike oorheersing en -geweld. Vroue is wel deur die meeste kerke toegelaat tot ampte maar speel nog nie 'n gelykwaardige rol nie. Selfs waar vroue ruim geleenthede gegee word, word die skeefgetrekte magsverhoudinge in die samelewing nie doelgerig aangespreek nie.
- Rasse-verhoudinge. In plaas daarvan dat die kerk op die voorpunt staan van die skep van 'n nie-rassige samelewing, is dit telkens die politici en menseretegroepe wat die leiding neem. In baie gemeentes word blanke mense eerder gepaai en word rasse-onmin onderlangs getroetel, in plaas daarvan dat daar ondubbelsinnige leiding van die kansel kom oor rasseverhoudinge.
- Homoseksuele Christene. Hoewel baie gay-Christene in sommige gemeentes aanvaar word, beleef hulle steeds grootskaalse diskriminsie teen hulle. Die kerk behoort die beginsel van gelykheid en aanvaarding ten spyte van andersheid, ook hier van toepassing te maak en dit met oortuiging te verkondig.

Die samelewing verwag nog steeds van die kerk om 'n leidende rol te speel, maar dan sal ons moet leer om die wesentlike sake te identifiseer en doelgerig daarop te fokus.